HIER OP DIE KRUISING VAN DIE WEË
IS HOOG ONS SKOOLGEBOU GELEË
WAAR ONS DIE TOEKOMS BOU EN STERK
VIR ENKELING EN NASIE WERK

WAAR PAAIE KRUIS DAAR
MOET MENS KIES
DIE PAD VAN WINS OF VAN VERLIES,
VAN BOU OF BREEK,
VAN DOEN OF LAAT,
VAN GLO OF VREES,
VAN GOED OF KWAAD.

VAS LÊ DIE FONDAMENT EN TROU,
VAN DIE KARAKTER WAT ONS BOU,
DIE KENNISMURE OPGERIG,
DIE VRIENDELIKE VENSTERLIG,
DIE DAK VAN DIENSBAARHEID EN PLIG,
GEHEEL VAN HAND EN HART EN HOOF
ONS BOU IN GELOOF

HOËRSKOOL WATERKLOOF

2025

# KLOFIEKLETS

13 van 2025

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Mnr. C.H. Denysschen
hoof@klofies.co.za
012 347 0277

'n Hartlike goeiedag uit die hartskamer van Klofieland!

"Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie." - Romeine 6:5-6.

"Julle is vrygekoop en die prys is betaal; moet dan nie slawe van mense wees nie." - 1 Korintiërs 7:23.

=> Jy is die eiendom van God.
=> Jy word vrygespreek van sondeskuld.
=> Jy het die krag van 'n nuwe lewe.
=> Jy sal op die dag van Christus liggaamlik opstaan uit die graf.

Baie geluk en baie dankie aan al die aktiwiteite wat gedurende die afgelope week plaasgevind het. Daar was baie aktiwiteite waaraan ons Klofies deelgeneem het, en op elke gebied het die wit, blou en geel uitgestaan. (Vir volledige uitslae en verslae, sien verderaan in die Klets.)

'n Spesiale woord van dank en geluk aan al die afrigters en personeel betrokke by wintersportsoorte en die gespesialiseerde sportsoorte wat aan die eindrondtes van die NWU-skolesportreeks deelgeneem en baie goeie uitslae behaal het. 'n Volledige uiteensetting van AL die uitslae is verderaan in die Klets.

Neem asseblief kennis van die **Oueraand** wat op **22 April**, van **18:00 tot 20:00**, plaasvind. Die leerders het Donderdag, 17 April, hulle rapporte ontvang. Daar is ook gedurende die afgelope week dokumentasie uitgestuur oor die proses van oueraandbesoeke. Vergewis uself asseblief van die dokumentasie op die verskillende graadgroepe se kommunikasiegroepe.

Baie sterkte met al die aktiwiteite wat hierdie komende week plaasvind.

'n Geseënde Paasfees word u almal toegewens. Maak tyd vir mekaar. Kom by u familie uit. Wees lief vir mekaar.



# KULTUUR

## KULTUURPERSONEEL 2025

| | |
|---|---|
| **Adjunkhoof:** | Me. Carina Taute (carina.taute@klofies.co.za) |
| **Kultuurdirekteur:** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Kultuursekretaresse:** | Me. Liesl Linde (liesl.linde@klofies.co.za) |
| | |
| **ORGANISEERDERS 2025:** | |
| **A Capella** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Boere-orkes en Rock-orkes** | Dr. Ronelle Bosman (ronelle.bosman@klofies.co.za) |
| **Dans** | Me. Michelle Naudé (michelle.naude@klofies.co.za) |
| **Debat** | Me. Marié Olivier (marie.olivier@klofies.co.za) |
| **Film en Toneel** | Me. Carla van Staden (carla.vanstaden@klofies.co.za) |
| **Fotografieklub** | Me. Marlette Krüger (marlette.kruger@klofies.co.za) |
| **Jazz Ensemble** | Mnr. Xander Koekemoer (xander.koekemoer@klofies.co.za) |
| **Klofiekan** | Me. Maryke Fourie (maryke.fourie@klofies.co.za) |
| **Koor** | Me. Carina Taute (carina.taute@klofies.co.za) |
| **Kunsklub** | Me. Suretha Coetzer (suretha.coetzer@klofies.co.za) |
| **Mnr en Mej Waterkloof** | Me. Jean-Mari Redelinghuys (jean-mari.redelinghuys@klofies.co.za) |
| **Musieksentrum** | Me. Zita Clayton (zita.clayton@klofies.co.za) |
| **Orkes** | Me. Jo Ferreira (jo.ferreira@klofies.co.za) |
| **Redenaars** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Skryfklub** | Me. Tanri de Witt (tanri.dewitt@klofies.co.za) |
| **Voortrekkers** | Mnr. Jordan Joubert (jordan.joubert@klofies.co.za) |

# KULTUURDATUMS 2025

| | |
|---|---|
| 7 Mei | Opedag |
| 10 Mei | Opening van Ouditorium |
| 16 tot 18 Mei | Dansproduksie |
| 24 Julie | Tres Scholarum |
| 1 Augustus | Affies-Interkultuuraand (by Afrikaanse Hoër Seunskool) |
| 16 Augustus | KloofKunstefees Gala-aand/Promenadekonsert |
| 22 Augustus | Kloofkoorfees |
| 27 September | Kloof in Afrikaans Gala-aand |
| 23 Oktober | Orkes Gala-aand |

KLOOFKULTUUR

# DINK OF SINK DEBATSKOMPETISIE

Baie geluk aan ons junior debatspan – Ilanie Grobler, Elzerie Vermaak en Ivan Louw – wat as wenners van die provinsiale rondte van die Dink of Sink-debatskompetisie weggestap het.




Die span moes hulle standpunte met oortuiging in die finale debat teen Afrikaanse Hoër Meisieskool verdedig. Die onderwerp was: "Die gebruik van sosiale media het die samelewing se persepsie van sukses verander."

Die nasionale rondte sal later vanjaar plaasvind.

Baie dankie aan me. Lynne de Vos (organiseerder) en me. Madri van Wyk wat die leerders vergesel en bygestaan het. Spesiale dank aan ons afrigter, me. Dulinda Taljard.

Ons is ongelooflik trots op julle!












# KLOOF-KONSERTORKES
# PERNASSUS-KAMP 2025

Die orkesoefenkamp by die pragtige Parnassus in die Magaliesberg was weereens ’n groot sukses – beslis een vir die boeke!

’n Rekordgetal van ses nuwe werke is bemeester, insluitend ’n eerste vir die konsertorkes: ’n Klassieke simfoniese werk, die *Grieg Klavierconcerto*, met Heinrich Sutton as solis, ’n onvergeetlike *Pixar*-keurspel en *Coldplay in Concert*-keurspel. Groot opwinding het ook oor die nuwe repertoire, wat vir die opening van die ouditorium voorberei is, geheers. Buiten die musiek het die leerders aktief aan verskeie spanbou-aktiwiteite, waaronder bergklim, ’n uitdagende hindernisbaan, ’n potjiekoskompetisie en ’n junior konsert deelgeneem. Die kamp is op 'n feestelike wyse met die jaarlikse ouergeselligheid en braai, gevolg deur ’n indrukwekkende afsluitingskonsert, waar die nuwe stukke met trots uitgevoer is, afgesluit.

Baie dankie aan mnr. Eddie Clayton, ons inspirerende dirigent, me. Jo Ferreira, me. Wilna Erasmus, mnr. Xander Koekemoer en me. Zita Clayton vir hulle onmisbare bydraes. Ons bedank ook graag mnr. Denysschen, dr. Bosman en me. Woolls vir hulle teenwoordigheid by die konsert.

Ons sien met groot opwinding na ’n musiekjaar vol hoogtepunte uit!























# OPENING VAN OUDITORIUM

Kom vier saam met ons, op 10 Mei 2025 om 18:30, die formele opening van Hoërskool Waterkloof se splinternuwe ouditorium.

Geniet 'n aand vol glans, musiek, dans en topvermaak met bekende kunstenaars soos Monique Steyn, Joshua na die Reën en Zita Pretorius, asook ons eie Heinrich Sutton, Kloof-konsertorkes en Kloof-koor. Kaartjies vanaf R150 is op die Kloof-beursie/*Allxs* beskikbaar.

Bring die hele gesin en wees deel van hierdie spesiale geleentheid – met 'n nagmark en stalletjies vir ekstra pret! Jy wil dit nie misloop nie.

Kleredrag: Formeel

Skakel vir kaartjies: waterkloof.allxs.co.za





# SPORT

## NWU SKOLESPORTREEKS

## RUGBY

| Span | Afrigters | Kloof | Opponent | | Wen/ verloor |
|---|---|---|---|---|---|
| **o. 14A Posisie 2** | Muller van der Nest en Nico Pretorius | 15 | Hoërskool Middelburg | 24 | Verloor |
| **o. 14B Posisie 6** | Andrew van Wyk en Gunter Geyer | 10 | Hoërskool Kemptonpark | 19 | Verloor |
| **o. 15A Posisie 1** | Brendan Coetzee en Franco Enslin | 17 | Die Hoërskool Menlopark | 10 | Wen |
| **o. 15B Posisie 5** | Franco Cronjé | 40 | Die Hoërskool Menlopark | 20 | Wen |
| **o. 16A Posisie 6** | Dillon Smit en Jano Lessing | 24 | Die Hoërskool Menlopark | 29 | Verloor |
| **o. 16B Posisie 3** | Jannes Fouché | 20 | Die Hoërskool Menlopark | 7 | Wen |
| **Eerstespan Posisie 1** | Cobus van Dyk, De Wet Terblanche en Stefan Coetzer | 23 | Die Hoërskool Menlopark | 20 | Wen |
| **Tweedespan Posisie 1** | Leon Coetzer en SJ Naudé | 23 | Die Hoërskool Menlopark | 23 | Gelykop |

## NETBAL

| Span | Afrigter | Posisie in reeks |
|---|---|---|
| **o. 14A** | Rieze Straeuli | Sesde |
| **o. 14B** | Melandi Muller | Tweede – silwer medalje |
| **o. 15A** | Jo-Marie Bekker | Vyfde |
| **o. 15B** | Doné du Buisson | Tweede – silwer medalje |
| **o. 16A** | René Straeuli<br>Anja Muller | Negende |
| **o. 16B** | Anja Muller | Vyfde |
| **o. 17A** | Arinda Botha | Tweede – silwer medalje |
| **o. 17B** | Arinda Botha | Tweede – silwer medalje |
| **Eerstespan** | Marlize Smit en Rieze Straeuli<br>Tanri de Witt (spanbestuurder) | Negende |
| **Tweedespan** | Imke van der Merwe | Tweede – silwer medalje |

# HOKKIE

## DOGTERS

| Span | Afrigter | Kloof | Opponent | | Wen/ Verloor | Posisie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Eerstespan** | Omari Pienaar Geyer<br>Jonathan Lottering<br>(kondisioneerder) | 1 | Die Hoërskool Menlopark | 2 | Verloor | Tweede |
| **Tweedespan** | Carika van Dyk | 2 | Die Hoërskool Menlopark | 0 | Wen | Eerste |
| **o. 16A** | Anita Schmidt | 2 | Die Hoërskool Menlopark | 1 | Wen | Eerste |
| **o. 16B** | Tahlita Kotze | 1 | Die Hoërskool Menlopark | 1 | Gelykop | Eerste |
| **o. 15A** | Ayla Kruger<br>Zelna du Plooy | 2 | Hoërskool Transvalia | 2 | Gelykop | Eerste |
| **o. 15B** | Liza Meyer | 0 | Die Hoërskool Menlopark | 0 | Gelykop | Eerste |
| **o. 14A** | Nathan Meyer<br>Suretha Coetzer (kondisioneerder) | 5 | Hoërskool Middelburg | 1 | Wen | Eerste |
| **o. 14B** | Chantal Page | 1 | Hoërskool Transvalia | 0 | Wen | Derde |

## SEUNS

| Span | Afrigters | Kloof | Opponent | | Wen/Verloor | Posisie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **S1** | Mark Lamprecht | 1 | Hoërskool Eldoraigne | 2 | Verloor | Vierde |
| **S2** | Hanco Kruger | 0 | Die Hoërskool Menlopark | 1 | Verloor | Tweede |
| **S14A** | Polite Setloboko | 3 | Hoërskool Middelburg | 0 | Wen | Eerste |
| **S14B** | Tristan Venter | 1 | Die Hoërskool Menlopark | 0 | Wen | Eerste |
| **S16A** | Dean Lamprecht | 2 | Die Hoërskool Menlopark | 2 | Gelykop | Deel eerste plek |
| **S16B** | Duard Smit | 3 | Die Hoërskool Menlopark | 1 | Wen | Eerste |

**1. RUGBY:**
**Goue medaljes:** o. 15A- en die Tweedespan
Die eerstespan deel die eerste plek
**Silwer medaljes:** o. 14B-span
**Brons medaljes:** o. 16B-span

**2. NETBAL:**
**Silwer medaljes:** Tweede -, o. 14B-, o. 15B-, o. 17A en o. 17B-span

**3. HOKKIE:**
**Dogters:**
**Goue medaljes:** Tweede-, o. 16A-, o. 16B-, o. 15A-, o. 15B- en o. 14A-span
**Silwer medaljes:** Eerstespan
**Brons medajes:** o. 14B-span

**Seuns:**
**Goue medaljes:** o. 14A, o. 14B en o. 16B-span
Die o. 16A-span deel die eerste plek
**Silwer medaljes:** Tweedespan

# NWU-SKOLESPORTREEKS:
# UITSLAE VAN GESPESIALISEERDE SPORTSOORTE

### LANDLOOP
Hoërskool Waterkloof het algeheel **TWEEDE** geëindig:

| Ouderdomsgroep | Landloop-afdeling | Aflosreeks |
|---|---|---|
| Junior dogters | **Tweede** | **Eerste** |
| Senior dogters | **Eerste** | **Eerste** |
| Junior seuns | **Tweede** | **Tweede** |
| Senior seuns | **Derde** | Vierde |

**Individuele prestasies:**

| | | |
|---|---|---|
| Junior dogters: | Breche van der Walt | **Tweede** |
| Senior dogters: | Lara van der Merwe | **Eerste** |
| | Elandri Coetzee | **Tweede** |
| Junior seuns: | Rumarko Groenewald | **Derde** |

### BERGFIETSRY
Hoërskool Waterkloof is die **ALGEHELE WENNERS**:
Die juniorspan het **goue medaljes** ontvang en die senior span **silwer medaljes**.

### MUURBAL
Hoërskool Waterkloof het **DERDE** geëindig en **brons medaljes** ontvang.

### SKAAK
Skaak het ook **DERDE** geëindig en **brons medaljes** ontvang.

### GHOLF
Die gholfspelers het **SKOONSKIP** gemaak en **goue medaljes** verower.

### TENNIS

| | |
|---|---|
| Algehele wenners: | Hoërskool Waterkloof |
| Seniors: | **Goue medaljes** |
| o. 15-afdeling: | **Silwer medaljes** |

# TENNIS

Aiden McConnel, Luan Slabber, Yasmin Lombard en Ciaran McConnel het Gauteng-Noord tydens die naweek van 11 April by Benoni en Tuks verteenwoordig.

- Aiden McConnel  en Luan Slabber het vir Gauteng-Nood o. 15B gespeel en teen Gauteng-Oos en die Noordwes-provinsie gewen.
- Yasmin Lombard en haar span het Gauteng-Noord o. 15 A gespeel en teen Noordwes gewen,
- Ciaran McConnel het Gauteng-Noord o. 19A gespeel en met twee punte teen Noordwes verloor.

Kaylen Hamman wen die dogters o. 16-kategorie vir enkels en dubbels by die *Mpumalanga Highveld Mini*.

Tennisliga uitslae die week:

| | |
|---|---|
| **Dogters Oopliga:** | Eerstespan wen Afrikaanse Hoër Meisieskool met 4 - 3 |
| | Tweedespan wen Midstream College 1 met 4 - 3 |
| | Vierdespan wen Hoërskool Noordheuwel 1 met 36 - 31 |
| **Seuns Oopliga:** | Tweedespan wen Die Hoërskool Menlopark 2 met  49 - 16 |
| | Derdespan verloor teen Cornwall Hill College 1 met 22 - 45 |
| | Vierdespan verloor teen Afrikaanse Hoër Seunskool 4 met 17 - 50 |
| | Vyfdespan wen Hoërskool Centurion 1 met 44 - 23 |
| **Seuns o. 15:** | o. 15 A wen Die Hoërskool Menlopark A 5 - 2 |
| | o. 15 B verloor teen Hoërskool Zwartkop A 22 - 45 |
| | o. 15 D verloor teen Midstream College A 14 - 53 |

# MUURBAL

Shannon Render, 'n graad 11-leerder, eindig in die Top 10 in die o.16-afdeling by die *SA School* 2025 – *NJSA.*

Baie geluk, Shannon!

# SWEM

Ons wil graag die volgende leerders sterkte toewens met hulle deelname aan *Swimming South Africa* (SSA) se *Junior National Aquatics Championship* (SANJ) wat vanaf 25 tot 29 April by die UWC swembad in Kaapstad plaasvind.

| | |
|---|---|
| Andrea van Huyssteen | Graad 8 |
| Jenna van Eeden | Graad 8 |
| Emma Oosthuizen | Graad 9 |
| Lourens Boekhoud | Graad 9 |
| Charles Janse van Rensburg | Graad 10 |
| DeJager Burger | Graad 11 |
| Christopher Chantler | Graad 12 |
| Nikha Lambden | Graad 12 |

# NETBAL: LIGA VS HOËRSKOOL MONTANA

| Span | Afrigter | Kloof | Opponent | Wen/verloor |
|---|---|---|---|---|
| o. 14A | Rieze Straeuli | 7 | 6 | Wen |
| o. 14B | Melandi Muller | | | |
| o. 14C | Yolandi Collins | 13 | 8 | Wen |
| o. 14D | Yolandi Collins | 28 | 5 | Wen |
| o. 15A | Jo-Marie Bekker | 23 | 21 | Wen |
| o. 15B | Doné du Buisson | 18 | 7 | Wen |
| o. 15C | Ammé Moller | 18 | 13 | Wen |
| o. 15D | Ammé Moller | 12 | 10 | Wen |
| o. 16A | René Straeuli | | | |
| o. 16B | Anja Muller | 18 | 11 | Wen |
| o. 16C | Carla Strydom | 19 | 8 | Wen |
| o. 16D | Carla Strydom | | | |
| o. 17A | Arinda Bothma | 21 | 12 | Wen |
| o. 17B | Arinda Bothma | 18 | 2 | Wen |
| Eerstespan<br>Spanbestuurder | Marlize Smit<br>Tanri de Wit | | | |
| Tweedespan | Imke van der Merwe | | | |
| Derdespan | Imke van der Merwe | 9 | 11 | Verloor |

Wedstryde kon as gevolg van reën nie plaasvind nie en word op Dinsdag 3 Junie 2025, gespeel.

# SEUNSHOKKIE: LIGA SEUNS B-SPANNE VS *HATFIELD CHRISTIAN SCHOOL* A-SPANNE

| SPAN | AFRIGTER | KLOOF | OPPONENTE | WEN/VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| o. 18B | Hanco Kruger en<br>Janie van der Westhuizen | 4 | 0 | Wen |
| o. 16B | David Baxter en Keagen Trollip | 7 | 1 | Wen |
| o. 14B | Micah Sonn | 3 | 0 | Wen |

# SEUNSHOKKIE: LIGA: SEUNS C-SPANNE TEEN *SUTHERLAND HIGH SCHOOL*

| SPAN | AFRIGTERS | KLOOF | OPPONENTE | WEN/VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| Derdespan | André Brits | 1 | 6 | Verloor |
| o. 16C | Matthew Porteous | Afgelas as gevolg van weerlig | | |
| o. 14C | Jordan Joubert | 4 | 0 | Wen |

# HENGEL

Ons wil graag elke hengelaar, wat tydens die tweede liga wat op 13 April 2025 by Trichardsfonteindam plaasgevind het, met uitstekende prestasies gelukwens. Julle het ongelooflike deursettingsvermoë en geduld gewys. Dit verg ware toewyding en passie om sulke uitdagings te trotseer. Julle samewerking en spanwerk was 'n voorreg om te aanskou.

Ons is trots op julle! Mag hierdie sukses net die begin van 'n fantastiese seisoen wees.

**Waterkloof A-span verower 'n eerste plek in hulle afdeling:**

- MJ Mostert – eerste plek met 26 vis, 6.75kg
- F. Rusch – vierde plek met 7 vis, 2.13kg
- P. Mans – vyfde plek met 9 vis, 2.99kg
- NJ Kruger – agste plek met 3 vis, 1.08kg.

**Waterkloof B-span verower 'n eerste plek in hulle afdeling:**

- S. Groenewald – eerste plek met 10 vis, 2.81kg
- D. Du Plessis – vierde plek met 3 vis, 0.90kg
- L. van der Merwe – vyfde plek met 5 vis 2.03kg
- Z. de Beer – sesde plek met 2 vis, 0.87kg

**Waterkloof C-span verower 'n eerste plek in hulle afdeling:**

- P. Grobler – tweede plek met 4 vis, 1.25kg
- R. van den Berg – vyfde plek met 4 vis, 1.24kg
- Z. Cornwall – sesde plek met 2 vis, 0.48kg
- A. van den Berg – sewende plek met

**Waterkloof D-span verower 'n tweede plek in hulle afdeling:**

- Z. Roos – eerste plek met 5 vis, 1.29kg
- J. Beukman – tiende plek met 0 vis, 0.11kg

**Waterkloof E-span verower 'n vierde plek in hulle afdeling:**

- R. Coetzee – sesde plek met 2 vis, 0.51kg
- J. van Wyk – vyftiende plek met 2 vis, 0.76kg
- T. Bezuidenhout – sestiende plek met 1 vis, 0.26kg
- M. du Plooy – sewentiende plek met 2 vis, 0.75kg

**Waterkloof F-span verower 'n vyfde plek in hulle afdeling:**

- L. Roux – twaalfde plek met 1 vis, 0.67kg
- A. Geyser – veertiende plek met 1 vis, 0.26kg
- CJ le Roux – agtiende plek met 1 vis, 0.16kg

**Waterkloof G-span verower 'n tweede plek in hulle afdeling:**

- R. Mostert – derde plek met 2 vis, 0.79kg
- J. Botha – vierde plek met 1 vis, 0.38kg.

**Waterkloof Jonge Dames A-span verower 'n vierde plek in hulle afdeling:**

- L. Olivier – vyfde plek met 4 vis, 1.32kg
- B. Richter – tiende plek met 1 vis, 0.18kg

**Waterkloof Jonge Dames B-span verower 'n vierde plek in hulle afdeling:**

- E. van Niekerk – derde plek met 1 vis, 0.41kg.
- Z. Robbertse – vierde plek met 1 vis, 0.38kg



# ALGEMEEN

## FINANSIES: BORGE EN DONASIES

Hoërskool Waterkloof beskik oor **Artikel 18 A-status**. Dit beteken enige gewaardeerde borg/donasie wat aan die skool geskenk word, is belastingaftrekbaar vir u besigheid.
Sodra die skool die borg/donasie ontvang, reik ons die sertifikaat uit.

## WATERKLOOFALUMNI: E-POSADRES

**AANDAG ALLE OUD-KLOFIES!!** Enige nuus en/of prestasies van oud-Klofies kan na die volgende e-posadres gestuur word: alumni@klofies.co.za .

## *POPI*-BELEID

**NEEM KENNIS!!**
Höerskool Waterkloof verbind hom tot die beskerming van persoonlike inligting en is in die proses om al die nodige kontroles te hersien om te verseker dat ons *POPIA compliant* is. Die skool is merendeels samewerkend weens die aard van ons hantering van data van minderjariges.
Ons bevestig dat u reeds die skool toestemming gegee het om u kind se foto's op die skool se sosiale media platforms te plaas en met erkende mediahuise vir publikasie te deel. Sou u in die toekoms van mening verander, moet u asseblief vir mnr. Juan Nagel by juan.nagel@klofies.co.za van u versoek in kennis stel sodat dit dienooreenkomstig bestuur kan word.

## KLOFIE KLEREWINKEL

Me. Christine Slabbert van die Klofie-klerewinkel sê dat die winkel bedags van 06:30 tot 14:30 oop is. Sy versoek dat ouers asseblief 'n afspraak MOET maak om die klerewinkel te besoek. U kan haar by 082 487 5756 of tydens kantoorure by (012) 347 1076 kontak.

# ONDERSTEUNINGSDIENSTE



# MANNE: BIDOGGENDE




https://chat.whatsapp.com/DEgkqi2ZRQeDaHFc4ah6Qx

**Kom wees deel van manne van formaat, biddende pa's, manne en pa's wat opstaan en hulle plek as godsmanne in sy huis en die samelewing terugvat.**

**Sluit aan by die *WhatsApp*-groep vir verdere reëlings en padkos.**

# Advertensies

Jy kan ook in die Klofieklets adverteer! Kontak: marike.scherman@klofies.co.za

*LW: Produkte/dienste hier geadverteer word nie noodwendig deur die skool ondersteun nie.*






https://wenwetenskap.co.za/